Skrifgedeelte: Markus 10:13-16

Teksvers: Markus 10:15

Tema: Ontvang die koninkryk van God deur kinderlik te groei in Christus!

"Kinders moet gesien word en nie gehoor word nie". Dit is `n gesegde waarmee baie van ons groot geword het en wat om een of ander rede diep in ons bestaan ingekruip het. Daar waar jy as kind moes stil bly en nie moes praat nie, het dit vandag `n geval geword waar kinders enige iets in die hand gestop moet word om hulle stil te hou. Ja, ons sê dalk nie meer vir kinders om stil te bly nie, maar ons hou hulle "stil" deur geskenke, geld en negatiewe aandag te gee. Só kan ons as volwassenes aangaan met die dinge wat regtig saak maak.

In die kerk is dit nie veel anders nie! Ons raak kwaad as `n klein kindjie dalk net te hard raas of te veel rond beweeg in die kerkgebou. Ons kry dalk ons kinders op Sondae by katkisasie, maar laat dit nou net bietjie lank aanhou en ons gaan haal hulle uit die klasse uit. Ons eie skedules is so van uur-tot-uur ingedeel dat ons nie tyd het om op `n Sondag die kinders bietjie vroeër by die kerkgebou te hê vir kaktisasie nie.

En toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle." Is die manier waarop ons vandag die kindertjies hanteer, soveel anders as wat dit was in Jesus se tyd?

Nee, want ook ons, net soos die dissipels, keer dikwels mense om op `n kinderlike manier na Jesus toe te gaan! Ook ons verhoed dikwels dat mense nader groei in hulle kinderlike verhouding met Jesus Christus en dat hulle die seën beleef wat daarin is om Jesus werklik te ken. As moderne dissipels lê ons dikwels maatstawwe neer om mense volgens te meet, sonder om te dink oor die onbeskryflike genade en liefde wat Christus vir verlorenes het.

Ons kan maklik hierdie gedeelte verkeerd verstaan en dink dat ons eers soos kinders moet word voordat ons in die koninkryk van God kan ingaan. Of dat die manier waarop ek kinders hanteer, bepaal of ek in die koninkryk gaan ingaan. Dit is egter nie waaroor hierdie gedeelte in die eerste plek gaan nie. Daarby is die Woord baie duidelik dat jy alleen verlos is wanneer jy Christus in die geloof aanneem en Hom as Verlosser en Koning aanroep.

Wat egter wel gebeur, is dat ons Koning en Verlosser `n geleentheid uit die lewe van elke dag gebruik om iets besonders oor die koninkryk van God te leer. Hy gebruik die krom stok van die dissipels se verkeerde optrede, om `n reguit hou tot eer van God te slaan. Hy leer ons nie net hoe om ander mense só te hanteer dat hulle groei in hulle verhouding met Hom nie, maar ook hoe ons werklik die koninkryk van God kan ontvang, beleef en ingaan.

Christus leer ons hier dat Hy anders na mense kyk as ons en dat ons met `n kinderlike gesindheid die koninkryk van God moet aangryp. Daar is drie redes hiervoor en dit is (a) dat kinders, en mense wat kinderlik is, besef hoe afhanklik hulle van iemand anders is; (b) kinders weet wat gehoorsaamheid beteken; en (c) kinders ontvang, beleef en gaan in geleenthede in met oorgawe en entoesiasme.

Kinders weet hoe afhanklik hulle van iemand anders is, omdat hulle met ervaring weet dat hulle nie alleen tot alles in staat is nie. Hulle kan nie alles self doen nie en om hierdie rede vertrou hulle op

iemand anders. Só is die koninkryk van God die plek waar elke gelowige opnuut moet besef dat ons van God Drie Enig afhanklik is om hierdie koninkryk te lewe. Uit onsself kan ons nooit ten volle die koninkryk van God lewe nie. Dit is alleen deur Christus wat ons in staat is om ten volle die koninkryk van God te leef, want dit is God wat ons deur Christus en die Heilige Gees gewillig en bekwaam maak vir elke goeie werk.

Kinders weet ook wat gehoorsaamheid beteken. Ja, dit is waar, dikwels is kinders meer stout as wat hulle soet is, maar dit is juis omdat hulle weet wat die grense is wat hulle dit oorskry. Hulle weet egter goed dat pa of ma se woord wet is. Só ook is die koninkryk van God die plek waar elke gelowige die heerskappy van God kan uitleef deur gehoorsaamheid. Net so min as wat `n kind se ongehoorsaamheid maak dat sy ouers se reëls nie geld nie, net so min maak ons ongehoorsaamheid dat God se koninkryk nie geld nie. God is Koning en sy koninkryk strek oor alles en almal. Dit is egter wanneer ons uit dankbaarheid gehoorsaam is, wat God se koninkryk hande en voete kry aan ons liggaam.

Die koninkryk van God is nie net `n plek van afhanklikheid en gehoorsaamheid nie, maar die koninkryk van God is ook iets wat elke gelowige elke dag met oorgawe of entoesiasme kan ontvang, beleef en ingaan! Hierdie woordjie wat Christus gebruik vir "ontvang" wys daarop om iets met blydskap en entoesiasme te ontvang. Só is die koninkryk van God iets wat ons met oorgawe kan en wil en moet ontvang en uitleef, want dit is nou en hier en `n besonderse realiteit.

Maar hoekom het Jesus Christus só anders na kinders gekyk en hoekom kan Hy ons dan ook leer dat ons die koninkryk só moet ontvang? Omdat elkeen van hierdie drie waarhede op `n besonderse manier `n realiteit in Christus se lewe was! Hy was nie net self `n mens en `n kind nie, maar al drie hierdie waarhede – om afhanklik en gehoorsaam te wees en om met oorgawe te leef – het duidelik geword in Sy lewe.

Christus se afhanklikheid word op soveel maniere duidelik. Gaan luister maar net na hoe Hy in absolute afhanklikheid van sy Vader geleef het, en dit word duidelik. Dink maar aan sy versoeking in die woestyn waar Hy vir 40 dae en nagte nie geëet het nie, omdat Hy ook wou leef van elke woord wat van God se mond af kom. En sekerlik die mooiste voorbeeld van Jesus se afhanklikheid is sy gebed in Johannes 17 en dan in die besonder hierdie woorde van vers 7: *"Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee."*

Christus se gehoorsaamheid word vir ons só duidelik geskets waar Hy in die tuin van Getsemane bid en vra dat die Vader se wil nogtans sal geskied. En dit word vir ons bevestig in Hebreërs 5:8: *"Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alle wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is."* Ja, ook Christus het geleer wat gehoorsaamheid is en Hy het dit deur sy hele lewe hier op aarde geleer.

Christus het egter ook met oorgawe gelewe. Moet nooit dink dat Jesus nie kwaad geword het, amok gemaak het en ander emosies beleef het nie. Ons almal weet hoe Hy langs die graf van Lasarus gehuil het en hoe Hy die handelaars in die tempel se tafels omgekeer en hulle met swepe daar uit gejaag het. Selfs in hierdie gedeelte word Christus baie ontsteld oor die optrede van die dissipels. Dit is wat dit beteken dat Christus verontwaardig was! Hy het met oorgawe geleef want sy hele lewe was gefokus op die bou en vestiging van die koninkryk van God.

As Christus, wat self die Koning is, dan die koninkryk gevestig en gebou het deur sy afhanklikheid te besef, deur ten volle gehoorsaam te wees en met oorgawe die koninkryk te leef, hoeveel te meer nog ons? Hoeveel te meer nog ons mense, wat deur hierdie passievolle Koning en Verlosser deel geword het van die koninkryk en volk van God? Dit is alleen deur die werk van die Heilige Gees, wat ons laat groei in ons verhouding met Jesus Christus, wat ons meer en meer die koninkryk van God soos kindertjies kan ontvang.

Want dit is juis dan, wanneer ons soos `n kind die koninkryk van God ontvang, wat ons die koningskap van Jesus Christus op `n besonderse manier sal beleef! Dit is alleen deur te groei in ons afhanklikheid van God, ons gehoorsaamheid aan Christus omdat ons verlos is en in ons oorgawe aan die koninkryk van God, wat ons sy heerskappy sal beleef!

Wanneer jy dus weer met `n kind moet werk of wanneer `n kind jou weer pla, raak eerder rustig en leer by daardie kind. Dit gaan jou verseker nie in die koninkryk van God inbring nie en beslis gaan dit nie maak dat jy uit die koninkryk van God uitval nie. Jy sal dalk wel net leer hóé jy die koninkryk van God kan ontvang, beleef en ingaan!

Amen